NUUSBRIEF Nr. 21 **Maart 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag 27 Maart 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

HANTERING VAN STERFTES IN DIE FAMILIE

Sal Carter

Mens aavaar dat smart 'n persoonlike ondervinding is en dat geen twee persone dit dieselfde hanteer nie. Sal stel 'n raamwerk voor om die leedproses te verstaan en hoe mens ander kan help.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Februarie Maandelikse Praatjie.

Die praatjie oor die historiese bergpasse van die Langeberg en Outeniqua's was goed bygewoon, 94 mense het die bywoningsregister geteken. Die praatjie het goed afgegaan en ons het sedertdien 'n aantal versoeke vir meer inligting oor die passe ontvang, asook hoe om by die passe in die omgewing uit te kom. 'n Artikel oor die drie bergpasse in die Hessequa gebied is beskikbaar, epos ons by *info@u3astilbaai.org* indien u belangstel in 'n gratis kopie.

Jagersbosch Fonds.

By die TED praatjie van 22 Februarie is R108 ontvang (R4 van elke R5 kursusfooi gaan na die Fonds); en by die Februarie maandelikse vergadering was die opkoms van die uitloting R573. Die fonds staan nou op R1,894.57.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak.

Lidmaatskap

Ons getalle kan net nie ophou groei nie! By die Februarie maandelikse vergadering het 9 mense aangesluit; die ledetal staan tans op 158. Welkom aan die nuwelinge!

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Stefan Pretorius is die ko-ordineerder vir alle U3A Stilbaai kursusse, sy kontak is *stefanpretorius877@gmail.com*.

- **Kuns vir Beginners** : Vergader eerste Donderdag van die maand. Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.

- **Historiese Toere** : Toere van Stilbaai, Jongensfontein, Riethuiskraal en Melkhoutkraal word beplan – hou hierdie spasie dop!
- **Kookkuns** : Die kookkursusse is baie populêr; maar ons moet getalle beperk. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *stefanpretorius877@gmail.com*.
- **Kuns waardering** : Kontak Bonnita Davidtsz op *wingover@myconnection.co.za*.
- **Voëlkyk vir beginners** : Die huidige kursus is suksevol voltooi, maar 'n kursus sal weer later in die jaar aangebied word. Kontak Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com*; getalle word beperk en dié populêre kursus is gou vol.
- **Koki's & Potlode** : "Skakel stres uit met inkleur vir volwassenes". Hierdie nuwe kursus begin in April. Vergader elke Dinsdag van 2nm tot 4nm in Die Waenhuis, Jagersbosch. R5 per sessie. Blaaie en toerusting sal aan beginners voorsien word. Kontak Carol Malan by 028 754 2817.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TED PRAATJIES

Die volgende TED Praatjie is op Woensdag 22 Maart om 09h30 in Die Waenhuis. Dit is die derde, en die laaste in die huidige reeks oor sielkundige aangeleenthede. Janet Stonier sal weereens die onderwerp inlei, die title is "**Liefde en Ontroue**". Kontak Stefan by *stefanpretorius877@gmail.com* vir meer inligting.

[**TED** is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van wetenskap tot sake aangeleenthede tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.]

UITSTAPPIES

Op Dinsdag 14 Maart het 'n groep van 18 'n genotvolle paar uur by Baleia Wynkelder buite Riversdal deurgebring. Die groep het tydens 'n ligte ete wyne geproe wat in die kelder produseer word van druiwe afkomstig van hul plaas Dassieklip op die oewers van die Duiwenhoksrivier. Dankie aan Stefan wat die uitstappie gereël het, dankie aan dié wat ander laat saamry het, en dankie aan almal wat daar was!

KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir die maandelikse praatjies is as volg; maar let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede.

- 24 Apr 2017: Max Döckel gee ons sy jaarlikse ontleding van die regering se begroting en wat dit vir die man op die straat beteken.
- 29 Mei 2017: Derick Swart praat oor aanpassings in veeboerdery as reaksie op veranderinge in die omgewing.
- 26 Jun 2017: Daan Toerien bespreek die impakte van "fracking" in die Karoo op toerisme.
- 31 Jul 2017: Petra Daneel vertel ons meer van Jagersbosch.
- 28 Aug 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".

Ons het 'n aantal versoeke ontvang vir die herhaling van vorige praatjies; 'n lys van die praatjies gelewer by ons maandelikse vergaderings is aangeheg, as enig iemand belang stel in herhaling van 'n spesifieke praatjie, kontak ons gerus by *info@u3astilbaai.org*.

__U3A Stilbaai__ verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG

U3A STILBAAI

MONTHLY TALKS ---- MAANDELIKSE PRAATJIES

	DATE DATUM	SPEAKER SPREKER	TITLE OF TALK TITEL VAN PRAATJIE
1	28-05-2015	Dr Daan Toerien	Products fit for a Queen: Paradokse uit landelike Suid-Afrika.
2	22-06-2015	Prof Max Döckel	Perspective of SA Economy. Perspektief op SA Ekonomie.
3	25-06-2015	Niel van Wyk	Human impact on estuaries, with reference to Goukou River. Menslike impakte op riviermondings, met verwysing na Goukourivier.
4	27-07-2015	Dr Julie Wilson	Rural Revolution: Merinos and the Barrys in the Overberg, 1812-1866.
5	31-08-2015	Willem Botha	The Gouritz Biosphere Project. Die Gouritz Biosfeer Projek.
6	28-09-2015	Johan van Rooyen	The Southern African Bird Atlas Project - aims and results. Die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek - doelwitte en resultate.
7	26-10-2015	Arthur Clarke	Estate planning – Putting your affairs in order.
8	30-11-2015	Stefan Pretorius	The science behind the LCHF and LFHC diet options - decide for yourself. Die wetenskap agter die LCHF en LFHC dieet opsies – besluit self.
9	25-01-2016	Prof Mike Lucas	Climate Change in South Africa, including implications for the Overberg and Still Bay.
10	29-02-2016	Wendy Wilson	A Sub Antarctic trip to Bouvier Island.
11	28-03-2016	Prof Max Döckel	SA Economy and the Budget. SA Ekonomie en die Begroting.
12	25-04-2016	Dave Carter	A trip to the rock churches in Eastern Ethiopia.
13	30-05-2016	Dr Daan Toerien	Besigheidsontwikkeling in Stilbaai. A serendipitous journey through entrepreneurial space.
14	27-06-2016	Niel van Wyk	The Stilbaai Dunes. Die Stilbaai Duine.
15	29-07-2016	Belinda Gordon	The Siege of Colesberg and the little known victories of the Boer forces under General de la Rey in the area.
16	29-08-2016	Roberto Anastagi	Syria from 12,500 BC up to today. Sirië van 12,500 vC tot vandag.
17	26-09-2016	Jan de Vynck	Human behavioural ecology eases archaeological interpretation: case studies from the South Cape. Menslike gedragsekologie vergemaklik argeologiese interpretasie: studie voorbeelde van die Suid-Kaap.
18	31-10-2016	Gill Simpson	'Wild Rescue': a wildlife sanctuary & nature reserve. ‘Wild Rescue’: ‘n skuilplek vir diere en natuurreservaat.
19	28-11-2016	Dave Carter	A visit to South America and Antarctic. 'n Besoek aan Suid-Amerika en Antarktika.
20	30-01-2017	Stefan Pretorius	Iran: A Five Year Experience. Iran: 'n Vyf Jaar Ondervinding.
21	27-02-2017	Niel van Wyk	Historic Mountain Passes of the Langeberg & Outeniqua Mountains. Historiese Bergpasse van die Langeberg & Outeniqua berge.